

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal-Wes  
3 Oktober 1976

Onderwerp: Opvoeding van kinders  
Doopdiens

Lees: Deuteronomium 6 verse 1 tot 12

Teks: Deuteronomium 6 verse 6 en 7

Sing: Psalm 48 verse 4  
Psalm 119 vers 39  
Gesang 94 verse 1 en 4

“Die wêreld en veral lande in die Westerse wêreld sit met ’n jeugprobleem, met jonglewens wat ontspoor en verval het. Waaraan is dit te wyte? Is dit ’n jeugprobleem? Of is dit in die eerte plek ’n ouerprobleem en nog meer so, ’n geloofskrisis? Hierdie verwilderde jongmense is maar net ’n simptoom van ’n dieper liggende nood en gebrek. Is dit nie omdat ouers en kinders van God losgeraak het en omdat die ware Christelike opvoeding ontbreek nie?

“Êrens in ’n gevangenis is ’n jongeling aan wie die misdaad van sy ouers besoek is. En êrens is daar ’n gevalle dogter wat nie die pad van die lewe aan die hand van haar moeder gevind het nie. Die Woord van God sê: ‘... die HERE jou God, is ’n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat’. (Ex 20:5) Die verskriklikste wat ’n mens seker ooit in die lewe kan hoor, is ’n kind wat sy ouers verwens omdat hulle, hul Christelike plig teenoor daardie kind versuim het.

“Natuurlik is daar kinders wat verkeerd geloop en wat die pad na die vêrland van sonde gevat het, ten spyte van die vermaning, lering en gebede van ouers. Maar hoeveel het nie hierdie pad gevat omdat die ouers hulle nooit die pad na Jesus Christus gewys het nie?

“Broers en Susters, die herstel van hierdie situasie is lewensnoodsaaklik. Hoor wat sê God van die Christelike opvoeding: ‘En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek’. (Deut 6: 6,7)

“Die geloof van die ouers is die basis van die Christelike opvoeding. Manóag het voor die geboorte

van Simson vir die Engel van God gevra: 'As u woorde nou uitkom, wat moet die leefwyse en die werk van die seun wees?' Toe het die Engel hom geantwoord: 'Vir alles wat Ek aan die vrou gesê het, moet sy haar in ag neem.' (Rig 13:12,13) Dit was nie Simson se leefwyse en werk wat getel het nie, maar sy moeder s'n.

"Die geloof van die ouer is die fondament van die kind se lewe en werke. Soos die kind in die verborge diepte van die moederskoot van sy ouers lewensbloed en geaardheid ontvang, so is die geloof in die hart van die vader en moeder vir die kind van allergrootste belang. Daarom sê God aan die ouer, vóórdat Hy oor die onderrig van kinders praat: 'En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees'. (Deut 6:6)

"Die woorde wat aan die kinders oorgedra word, of dit nou lering, vermaning of bestraffing is, moet God se Woord wees. Hierdie woorde moet deur die hart van die ouer na die kind vloei.

"Godsdien moet ook nie vir die ouers 'n oppervlakkigheid wees wat vir hulle geen betekenis het nie. Nee, die godsdienonderrig wat die kind ontvang, moet in die lewens van die ouers gesien word. Die woord wat by die kind gewig sal dra, is die getuie van die ouer se lewe en dade. Een ding is duidelik. Geen mens kan aan 'n ander gee wat hy self nie het nie.

"Kinders het 'n fyn aanvoeling. Hulle weet of hulle vader en moeder God werklik liefhet. Daarom sê die Here die liefde moet in jou hart wees.

"Broers en Susters, daarom begin die plegtigheid van die Doop met die geloofsbelydenis van die ouer. Die ouer moet sy saak met God uitmaak, vóórdat hy met die opvoeding van sy kind begin. Die ouer se verhouding met God moet reg wees. Eers wanneer die liefde vir God in hulle harte leef, sal hulle waardige lewende woorde vir hulle kinders wees.

"Daarom moet ons voordat ons van jeugprobleme en afwykings praat, eers diep in ons eie harte kyk. Ons moet die saak hier met God uitmaak. Daar moet in ons eie hart plek wees vir God. Ons eie hart moet oopgaan vir sy Woord en liefde, anders sal ons voor Hom skuldig staan.

"As ons vooruit kyk na die dag van oordeel, durf geen mens die verantwoordelikheid van ouerskap te aanvaar, voordat hy of sy God nie self ken en vrees nie. 'n Mens kan nie die kind in die vrese van God onderrig as jy nie self 'n kind van God is nie.

“Verantwoordelikheid en om verantwoording voor God te doen, is twee begrippe wat ouers nooit mag vergeet nie.

“God leer ons hoe ons, ons kinders moet leer. Hy alleen weet, want Hy gee die lewe en Hy ken die mag van die Bose. Wat meer is, Hy ken die siel van elke kind. Die Here sê: ‘... jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.’ (Deut 6:7) Die rede hiervoor is dat die opvoedingstaak ’n voltydse werk is en ons durf dit nie maar net so nou en dan doen nie.

“Ons kinders is immers in sonde ontvang en gebore. Hulle is nie alleen swaar belaaï met dit wat hulle van hulle ouers geërf het nie, maar in hulle lewe woel die sonde en die dood om heerskappy oor hulle te kry. Daarom is ’n enkele woord nie genoeg nie.

“Die geloof word in die kind se hart gevestig deur herhaling. Soos ’n harde klip alleen gebreek word deur aanhoudend daarop te hamer, sal die Woord van God alleen die harde hart vernuwe as dit daaglik ingeskerp word.

“Die ouer moet ten alle tye konsekwent wees. Jou vakansie-lewe en onderrig moet nie anders wees as jou gewone lewe by die huis nie. God se Woord moet ten alle tye die norm in jou lewe wees. Elke dag, waar jy ook al is, moet jy die HERE dien.

“Die Woord van God moet alleen deur liefde ingeskerp word en ook deur ware gemeenskap met God. Godsdien moet nooit ’n lat wees waarmee stout kinders geslaan word nie.

“Ouers kan die Woorde alleen inskerp as dit deur die genadige werking van God in hul eie harte is. Ouer en kind moet God saam dien. Só sink die Woord van God in die harte in.

“As die Woord van God in die hart van die ouer is en ingeskerp word in die lewe van die kinders, dra die lewe die allermooïste vrugte.

“Die kind sal nie die verwaande niks nut word nie. Hy sal nie ’n jammerlike swakkeling wees nie. Nee, die kind in wie se lewe die Woord van God ingeskerp word, sal God verheerlik.

“Hy sal God roepingsbewus dien en die eienskappe wat God in hom gelê het, sal wonderlik ontwikkel. Jesus Christus sal in hom gestalte kry en die beeld van God sal dag na dag in hom vernuwe word.

“Hy sal nie die pad byster raak nie. Nee, die Here sê hy sal geen ander vreemde gode volg nie en by geen

ander naam sweer nie. Hy sal doen wat reg en goed is in die oë van die HERE.

“Vra maar aan die ontspoordes hoe hulle op die pad van verbreking en die dood gekom het. U sal hoor dat hulle nie weet wat goed of kwaad is nie. Hulle het die maatstaf verloor.

“Stel maar ondersoek in na dié wat so in die moeras van die lewe vasgeval het. Hulle is dikwels nie nét verlore seuns en dogters nie, maar die kinders van verlore seuns en dogters.

“Waar God die ouer se God is, sal God ook die kind se God wees. En aan die hand van God kan sy lewe deur die jare net mooier en ryker word.

“Maar die vrug van die Christelike opvoeding is ook blywend. Wat biddend deur die Gees van God deur bemiddeling van die ouer in die hart van sy kinders ingeskerp is, kan selfs die Duiwel nie uitruk nie. Christus Jesus het dit gewaarborg: ‘En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.’ (Joh 10:28-30) Onthou hierdie belofte is vir u én u kinders.

“Die ware inskerp is blywend, daarom leer die Woord van die HERE ook: ‘Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.’ (Spr 22:6) Daarom vra die Doopbelofte: ‘Beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind van wie u vader en/of moeder is, as hy (sy) tot sy (haar) verstand gekom het, in hierdie leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?’ Doen dit en u sal eenmaal met vreugde voor God staan en sê: Hier is ek en die kinders wat U my gegee het.

“U sal dit kan doen, omdat Jesus deur sy soenverdienste met sy plaasvervangende lyde voor sy Vader gekom het en gesê het: Hier is Ek en die kinders wat U my gegee het.

“Amen.”